# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 594 Cape Town, Kaapstad, 9 December 2014 **No. 38316**


**THE PRESIDENCY**

No. 1014 9 December 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 40 of 2014: Attorneys Amendment Act, 2014**

**DIE PRESIDENSIE**

No. 1014 9 December 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 40 van 2014: Wysigingswet op Prokureurs, 2014**


9 771682 584003 38316



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 9 December 2014)*

# ACT

**To amend the Attorneys Act, 1979, as an interim measure, pending the enactment of legislation aimed at rationalising the legal profession, so as to address disparities in relation to attorneys and candidate attorneys in the territories comprising the former Republics of Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei, and, for that purpose, repeal the laws of the former territories in so far as they are still applicable to attorneys and candidate attorneys in these territories; to further regulate the engagement of candidate attorneys and their right of appearance in courts; to give effect to a Constitutional Court judgment; to further regulate juristic persons conducting a legal practice; to enable actions against the Attorneys Fidelity Fund to be instituted in other courts than the High Court; to change the names of certain law societies; to restructure the areas of jurisdiction of law societies; to amend or delete certain obsolete provisions and expressions; to provide for transitional arrangements; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 53 of 1979, as amended by section 1 of Act 87 of 1989, section 1 of Act 102 of 1991, section 1 of Act 115 of 1993 and section 17 of Act 62 of 2000**

**1.** Section 1 of the Attorneys Act, 1979 (hereafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of ''advocate'' of the following definition:

'' **'advocate'** means an advocate of the **[Supreme Court]** High Court of South Africa;'';

*(b)* by the substitution for the definition of ''attorney'' of the following definition:

'' **'attorney'** means any person **[duly]** admitted to practise as an attorney in any part of the Republic, whether in terms of this Act or any other law listed in the Schedule to the Attorneys Amendment Act, 2014;'';

*(c)* by the deletion of the definition of ''building society'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 9 December 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Prokureurs, 1979, as 'n tussentydse maatreël, hangende die verordening van wetgewing gemik op die rasionalisering van die regsberoep, ten einde verskille aangaande prokureurs en kandidaat-prokureurs in die gebiede bestaande uit die voormalige republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei te hanteer, en, vir daardie doel, die wette van die voormalige gebiede te herroep in soverre hulle steeds op prokureurs en kandidaat-prokureurs in hierdie gebiede van toepassing is; die indiensneming van kandidaat-prokureurs en hul reg op verskyning in howe verder te reël; aan 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof gevolg te gee; regspersone wat 'n regspraktyk bedryf verder te reël; die instelling van aksies teen die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns in ander howe as die Hooggeregshof moontlik te maak; die name van sekere prokureursordes te verander; die regsgebiede van prokureursordes te herstruktureer; sekere uitgediende bepalings en uitdrukkings te wysig of te skrap; voorsiening te maak vir oorgangsmaatreëls; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 87 van 1989, artikel 1 van Wet 102 van 1991, artikel 1 van Wet 115 van 1993 en artikel 17 van Wet 62 van 2000**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Prokureurs, 1979 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''advokaat'' deur die volgende omskrywing te vervang:
'' **'advokaat'** 'n advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;'';

*(b)* deur die omskrywing van ''beroep'' deur die volgende omskrywing te vervang:
'' **'beroep'** die beroep van prokureur, notaris of transportbesorger en, met betrekking tot 'n orde, daardie beroep in die **[provinsie]** regsgebied van daardie orde;'';

*(c)* deur die omskrywing van ''bouvereniging'' te skrap;

*(d)* by the substitution in the definition of ''community service'' for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* at a law clinic in respect of which the **[council]** society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which that law clinic is operated, certifies that the law clinic concerned complies with the requirements prescribed by **[such]** the council of such society for the operation of such clinic; or;'';

*(e)* by the substitution for the definition of ''court'' of the following definition:

'' **'court'** means any **[court of a provincial division]** Division of the High Court referred to in section 6(1) of the Superior Courts Act, 2013 (Act No.10 of 2013), or any local seat thereof having jurisdiction;'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''fund'' of the following definition:

'' **'High Court'** means the High Court of South Africa as constituted in terms of section 6(1) of the Superior Courts Act, 2013 (Act No. 10 of 2013);'';

*(g)* by the substitution for the definition of ''practitioner'' of the following definition:

'' **'practitioner'** means any attorney, notary or conveyancer and includes a juristic person referred to in section 23;'';

*(h)* by the substitution for the definition of ''profession'' of the following definition:

'' **'profession'** means the profession of attorney, notary or conveyancer and, in relation to a society, means such profession within the **[province]** area of jurisdiction of that society;'';

*(i)* by the substitution for the definition of ''secretary'' of the following definition:

'' **'secretary'**, in relation to a society, includes an assistant secretary, a director or an assistant director of that society;'';

*(j)* by the deletion of the definition of ''Supreme Court'';

*(k)* by the insertion before the definition of ''trust account'' of the following definition:

'' **'this Act'** includes the regulations made in terms of section 81;''; and

*(l)* by the substitution for the definition of ''unprofessional or dishonourable or unworthy'' of the following definition:

'' **'unprofessional or dishonourable or unworthy'**, in relation to conduct, includes any conduct **[prescribed]** determined as such.''.

**Amendment of section 2 of Act 53 of 1979, as amended by section 1 of Act 108 of 1984, section 2 of Act 115 of 1993, section 2 of Act 78 of 1997 and section 17 of Act 42 of 2013**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d)* three years after he or she has passed **[the matriculation examination conducted and controlled by the joint matriculation board referred to in section 15 of the Universities Act, 1955, or an examination certified by that matriculation board]**—

(i) the grade 12 external assessment referred to in section 17A of the General and Further Education and Training Quality Assurance Act, 2001 (Act No. 58 of 2001), of the National Senior Certificate as registered on the National Qualifications Framework contemplated in the National Qualifications Framework Act, 2008 (Act No. 67 of 2008), and complies with the requirements for an endorsement by the Matriculation Board referred to in section 74 of the Higher Education Act, 1997 (Act No. 101 of 1997); or

(ii) a qualification advised by the South African Qualifications Authority, in terms of section 13(1)*(a)* and *(h)* or *(m)* of the National Qualifications Framework Act, 2008, as a qualification to be equivalent or superior thereto,

*(d)* deur in die omskrywing van ‘‘gemeenskapsdiens’’ paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(a)* by ’n regskliniek ten opsigte waarvan die **[raad van die provinsie]** orde met jurisdiksie in die gebied waarin daardie regskliniek bedryf word, sertifiseer dat die betrokke regskliniek voldoen aan die vereistes deur **[sodanige]** die raad van sodanige orde vir die bedryf van sodanige kliniek voorgeskryf; of’’;

*(e)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘getroudheidsfonds-sertifikaat’’ in te voeg:

‘‘ **‘hierdie Wet’** ook die regulasies ingevolge artikel 81 uitgevaardig;’’;

*(f)* deur die omskrywing van ‘‘hof’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘hof’** ’n **[hof van ’n provinsiale afdeling]** afdeling van die Hooggeregshof bedoel in artikel 6(1) van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013), of enige plaaslike setel daarvan met jurisdiksie;’’;

*(g)* deur die omskrywing van ‘‘Hooggeregshof’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘Hooggeregshof’** die Hooggeregshof van Suid-Afrika soos saamgestel **[deur artikel 2 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959)]** ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Hoër Howe, 2013 (Wet No. 10 van 2013);’’;

*(h)* deur die omskrywing van ‘‘onprofessioneel of oneerbaar of onbetaamlik’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘onprofessioneel of oneerbaar of onbetaamlik’**, met betrekking tot gedrag, ook enige gedrag as sodanig **[voorgeskryf]** bepaal.’’;

*(i)* deur die omskrywing van ‘‘praktisyn’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘praktisyn’** ’n prokureur, notaris of transportbesorger en ook ’n regspersoon soos in artikel 23 bedoel;’’;

*(j)* deur die omskrywing van ‘‘prokureur’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘prokureur’** iemand wat **[behoorlik]** toegelaat is om in enige deel van die Republiek as prokureur te praktiseer, hetsy ingevolge hierdie Wet of enige ander wetsbepaling gelys in die Bylae tot die Wysigingswet op Prokureurs, 2014;’’; en

*(k)* deur die omskrywing van ‘‘sekretaris’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘sekretaris’**, met betrekking tot ’n orde, ook ’n assistent-sekretaris, ’n direkteur of ’n assistent-direkteur van daardie orde;’’.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 108 van 1984, artikel 2 van Wet 115 van 1993, artikel 2 van Wet 78 van 1997 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

‘‘*(d)* drie jaar nadat hy of sy geslaag het in **[die matrikulasie-eksamen afgeneem deur en onder toesig van die gemeenskaplike matrikulasieraad in artikel 15 van die Wet op Universiteite, 1955, bedoel, of ’n eksamen wat volgens ’n sertifikaat van daardie matrikulasieraad]**—

(i) die graad 12 eksterne assessering bedoel in artikel 17A van die Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001), van die Nasionale Senior Sertifikaat soos geregistreer op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk soos beoog in die ‘National Qualifications Framework Act, 2008’ (Wet No. 67 van 2008), en voldoen aan die vereistes vir ’n endossering deur die Matrikulasieraad bedoel in artikel 74 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997); of

(ii) ’n kwalifikasie wat, ingevolge artikel 13(1)*(a)* en *(h)* of *(m)* van die ‘National Qualifications Framework Act, 2008’, deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid aanbeveel is as ’n kwalifikasie wat van gelyke of hoër standaard is,

and thereafter has served continuously for a period of at least two years as a clerk to any judge of **[the Supreme]** the High Court, the Supreme Court of Appeal, or the Constitutional Court **[, provided]**: Provided that he or she enters into articles of clerkship within a period of one year after he or she has ceased to serve in such manner; or''.

**Amendment of section 3 of Act 53 of 1979, as substituted by section 2 of Act 87 of 1989 and amended by section 2 of Act 102 of 1991, section 18 of Act 66 of 2008 and section 17 of Act 42 of 2013**

**3.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(f)* of the following paragraph:

''*(f)* in the full-time employment of a law clinic, and if the council **[of the province]** of the society having jurisdiction in the area in which that law clinic is operated, certifies that the law clinic concerned complies with the requirements prescribed by the council for the operation of the clinic;'';

*(b)* by the deletion in subsection (1)*(i)*(ii) after the word ''articles'' of the full-stop and the insertion of the expression ''; and''; and

*(c)* by the addition in subsection (1) of the following paragraph:

''*(j)* if he or she is an attorney who has practised as a professional assistant in a firm of attorneys or at a professional company for a period of five years within the preceding six years.''.

**Amendment of section 4 of Act 53 of 1979, as amended by section 3 of Act 108 of 1984, section 4 of Act 78 of 1997 and section 17 of Act 42 of 2013**

**4.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Any person intending to serve any attorney under articles of clerkship shall submit to the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the service under such articles is to be performed, the following, namely—''.

**Amendment of section 4A of Act 53 of 1979, as inserted by section 4 of Act 115 of 1993, and amended by section 5 of Act 78 of 1997 and section 17 of Act 42 of 2013**

**5.** Section 4A of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''A candidate attorney intending to perform community service shall submit to the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the community service is to be performed, the following, namely—''.

**Amendment of section 5 of Act 53 of 1979, as substituted by section 5 of Act 115 of 1993 and amended by section 17 of Act 42 of 2013**

**6.** Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The original of any articles of clerkship or contract of service shall within two months of the date thereof be lodged by the principal concerned with the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the service under such articles or contract of service is to be performed.''.

**Amendment of section 8 of Act 53 of 1979, as substituted by section 6 of Act 87 of 1989 and amended by section 8 of Act 115 of 1993, section 6 of Act 78 of 1997, section 10 of Act 31 of 2008 and section 17 of Act 42 of 2013**

**7.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding the proviso of the following words:

''Any candidate attorney who has satisfied all the requirements for the degree referred to in paragraph *(a)* of section 2(1), or for the degrees referred to in paragraph *(a*A*)* of that section, or for a degree or degrees

en daarna as klerk gedien het by 'n regter van die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl, of die Konstitusionele Hof vir 'n onafgebroke tydperk van minstens twee jaar**[, mits]**: Met dien verstande dat die leerkontrak binne een jaar nadat hy of sy opgehou het om aldus te dien, gesluit word; of''.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 2 van Wet 87 van 1989 en gewysig deur artikel 2 van Wet 102 van 1991, artikel 18 van Wet 66 van 2008 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(f)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(f)* in die voltydse diens van 'n regskliniek, en indien die raad **[van die provinsie]** van die orde met jurisdiksie in die gebied waarin daardie regskliniek bedryf word, sertifiseer dat die betrokke regskliniek voldoen aan die vereistes deur die raad vir die bedryf van die kliniek voorgeskryf;'';

*(b)* deur in subartikel (1)*(i)*(ii) na die woord ''het'' die punt te skrap en die uitdrukking ''; en'' in te voeg; en

*(c)* deur die volgende paragraaf in subartikel (1) by te voeg:

''*(j)* indien hy of sy 'n prokureur is wat as 'n professionele assistent in 'n prokureursfirma of by 'n professionele maatskappy gepraktiseer het vir 'n tydperk van vyf jaar in die voorafgaande ses jaar.''.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 108 van 1984, artikel 4 van Wet 78 van 1997 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Iemand wat 'n prokureur onder leerkontrak wil dien, lê aan die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin onder die leerkontrak gedien sal word, die volgende voor, naamlik—''.

**Wysiging van artikel 4A van Wet 53 van 1979, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 115 van 1993, en gewysig deur artikel 5 van Wet 78 van 1997 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**5.** Artikel 4A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

'' 'n Kandidaat-prokureur wat gemeenskapsdiens wil verrig, lê aan die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin die gemeenskapsdiens verrig sal word, die volgende voor, naamlik—''.

**Wysiging van artikel 5 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 5 van Wet 115 van 1993 en gewysig deur artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**6.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die oorspronklike leerkontrak of dienskontrak moet binne twee maande vanaf die datum daarvan deur die betrokke prinsipaal ingelewer word by die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin kragtens die leerkontrak of dienskontrak gedien moet word.''.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 6 van Wet 87 van 1989 en gewysig deur artikel 8 van Wet 115 van 1993, artikel 6 van Wet 78 van 1997, artikel 10 van Wet 31 van 2008 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**7.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

'' 'n Kandidaat-prokureur wat aan al die vereistes vir die in paragraaf *(a)* van artikel 2(1) bedoelde graad, of in paragraaf *(a*A*)* van daardie artikel bedoelde grade, of vir 'n in paragraaf *(a*B*)* van daardie artikel bedoelde graad of grade ten opsigte waarvan 'n sertifisering ooreenkomstig

referred to in paragraph *(a*B*)* of that section in respect of which a certification in accordance with that paragraph has been done, shall be entitled to appear in any court, other than **[any]** the High Court, the Supreme Court of Appeal or the Constitutional Court and before any board, tribunal or similar institution in or before which his or her principal is entitled to appear, instead of and on behalf of such principal, who shall be entitled to charge the fees for such appearance as if he or she himself or herself had appeared: Provided that such a candidate attorney shall not be entitled to appear in a court of a regional division established under section 2 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No 32 of 1944), unless he or she'';

*(b)* by the insertion before subsection (3) of the following subsection:

''(2A) Any candidate attorney who—

*(a)* is entitled to appear under any law repealed by section 35 of the Attorneys Amendment Act, 2014, may, notwithstanding that repeal, continue to so appear; and

*(b)* may so continue to appear, may apply to the society having jurisdiction for a certificate referred to in subsection (3), which the society may or may not issue.'';

*(c)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) The secretary of the society concerned shall, upon the written application of the principal of any candidate attorney referred to in subsection (1) or (2A) and upon the payment of the fees prescribed under section 80(*b*A), issue to such candidate attorney a certificate that he or she complies with the relevant provisions of subsection (1).'';

*(d)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* Any candidate attorney who is entitled to appear as contemplated in subsection (1) or (2A), shall at the expiry of his or her articles or contract of service, and provided he or she remains in the employ of the attorney who was his or her principal immediately before such expiry, or provided he or she remains in the service of the law clinic or the Legal Aid Board concerned, as the case may be, remain so entitled until he or she is admitted as an attorney, but not for longer than six months.'' ; and

*(e)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

''(5) In the event of the death, mental illness, insolvency, conviction for crime, **[imprisonment for debt,]** suspension, striking off the roll or discontinuance of practice of the attorney who was the principal of a former candidate attorney referred to in subsection (4) immediately before the expiry of his or her articles, such former candidate attorney shall with the written permission of the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the candidate attorney served under articles, be entitled to take service with any other attorney and to appear as contemplated in subsection (4) under the supervision of that attorney.''.

**Amendment of section 9 of Act 53 of 1979, as substituted by section 9 of Act 115 of 1993 and amended by section 17 of Act 42 of 2013**

**8.** Section 9 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) A candidate attorney shall not have any pecuniary interest in the practice and service of an attorney, or in the organisation or institution where he or she performs community service, and shall not, without the prior written consent of the council of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which he or she performs service under the articles or contract of service, hold or occupy any office or engage in any other business other than that of candidate attorney.''.

**Amendment of section 10 of Act 53 of 1979, as substituted by section 11 of Act 104 of 1996**

**9.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (4) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

daardie paragraaf gedoen is, voldoen het, is geregtig om in plaas van en ten behoewe van sy of haar prinsipaal te verskyn in enige hof, behalwe **['n Hoë Hof]** die Hooggeregshof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof en voor enige raad, regbank of soortgelyke instelling waarin of voor wie sy of haar prinsipaal geregtig is om te verskyn, en die prinsipaal van so 'n kandidaat-prokureur is geregtig om die gelde vir so 'n verskyning te bereken asof hy of sy self verskyn het: Met dien verstande dat so 'n kandidaat-prokureur nie geregtig is om in 'n hof van 'n streekafdeling ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), te verskyn nie tensy hy of sy'';

*(b)* deur die volgende subartikel voor subartikel (3) in te voeg:

''(2A) Enige kandidaat-prokureur wat—

*(a)* geregtig is om kragtens enige wet wat deur artikel 35 van die Wysigingswet op Prokureurs, 2014, herroep is, kan ondanks daardie herroeping, voortgaan om aldus te verskyn; en

*(b)* aldus kan voortgaan om te verskyn, kan by die orde met jurisdiksie aansoek doen om 'n sertifikaat in subartikel (3) bedoel, wat die orde dan kan uitreik of nie.'';

*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

''(3) Die sekretaris van die betrokke orde reik aan 'n in subartikel (1) of (2A) bedoelde kandidaat-prokureur op die skriftelike aansoek van sy prinsipaal en teen betaling van die gelde kragtens artikel 80*(b*A*)* voorgeskryf 'n sertifikaat uit dat hy of sy aan die betrokke bepalings van subartikel (1) voldoen.'';

*(d)* deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n Kandidaat-prokureur wat geregtig is om te verskyn soos in subartikel (1) of (2A) beoog, bly by die verstryking van sy leerkontrak of dienskontrak, en mits hy of sy aanbly in die diens van die prokureur wat sy prinsipaal onmiddellik voor daardie verstryking was, of aanbly in die diens van die betrokke regskliniek of die Regshulpraad, na gelang van die geval, aldus geregtig totdat hy of sy as prokureur toegelaat word, maar nie vir langer as ses maande nie.''; en

*(e)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

''(5) In die geval van die dood, geestesongesteldheid, insolvensie, veroordeling weens misdaad, **[gyseling,]** skorsing, skrapping van die rol of staking van praktyk van die prokureur wat die prinsipaal van 'n voormalige kandidaat-prokureur in subartikel (4) vermeld, was onmiddellik voor die verstryking van sy leerkontrak, is daardie voormalige kandidaat-prokureur geregtig om, met die skriftelike toestemming van die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin die kandidaat-prokureur kragtens leerkontrak gedien het, by enige ander prokureur in diens te tree en onder die toesig van daardie prokureur te verskyn soos in subartikel (4) beoog.''.

**Wysiging van artikel 9 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 9 van Wet 115 van 1993 en gewysig deur artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**8.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) 'n Kandidaat-prokureur mag nie 'n geldelike belang in die praktyk en diens van 'n prokureur, of in die inrigting of instelling waar hy of sy gemeenskapsdiens verrig, hê nie en mag nie, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die raad van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin hy of sy kragtens die leerkontrak of dienskontrak dien, enige ander amp beklee of besigheid dryf behalwe dié van kandidaat-prokureur nie.''.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 11 van Wet 104 van 1996**

**9.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (4) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"An agreement whereby articles or a contract of service is ceded shall within two months of the date on which the services of the candidate attorney concerned have been terminated with the cedent, or within such further period as the court may for good cause allow, be lodged with the society **[of the province wherein]** <u>having jurisdiction in the area where</u> service under the said articles or the said contract of service so ceded is to be performed, by the cessionary together with the affidavits—".

**Amendment of section 13B of Act 53 of 1979, as inserted by section 8 of Act 55 of 2003 and substituted by section 6 of Act 22 of 2005**

**10.** Section 13B of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

"complete a legal practice management course approved by the council **[of the province]** <u>of the society having jurisdiction in the area</u> in which he or she practises.".

**Amendment of section 14 of Act 53 of 1979, as amended by section 1 of Act 80 of 1985, section 13 of Act 115 of 1993 and section 17 of Act 42 of 2013**

**11.** Section 14 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The judge president of a **[provincial division]** <u>Division of the High Court</u> may after consultation with the president of the society concerned appoint two or more examiners for the purpose of arranging, controlling and conducting examinations in respect of—"; and

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* the practice and procedure in the **[Supreme]** <u>High</u> Court and in magistrates' courts established under the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944);".

**Amendment of section 15 of Act 53 of 1979, as substituted by section 7 of Act 108 of 1984 and amended by section 11 of Act 87 of 1989, section 14 of Act 115 of 1993, section 3 of Act 33 of 1995, section 9 of Act 78 of 1997 and section 17 of Act 42 of 2013**

**12.** Section 15 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1)*(b)*(ivA) for the words following item *(bb)* of the following words:

"has attended a training course approved by the society **[of the province]** <u>having jurisdiction in the area</u> in which he or she completed his or her service under articles or contract of service, or, in the case of section 2A*(c)*, has attended a training course approved by the society **[of the province]** <u>having jurisdiction in the area</u> in which the candidate attorney intends to practise, and has completed such training course to the satisfaction of that society: Provided that this subparagraph shall not apply to a person who attended a training course referred to in section 2(1A)*(a)* or 2A*(a)*(i) and who has completed such course to the satisfaction of the society concerned; and".

**Amendment of section 16 of Act 53 of 1979, as amended by section 52 of Act 129 of 1993 and section 17 of Act 42 of 2013**

**13.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Any person who applies to **[the]** <u>a</u> court to be admitted or readmitted and enrolled as an attorney, shall satisfy the society **[of the province]** <u>having jurisdiction</u> wherein he or she so applies—".

**Amendment of section 19 of Act 53 of 1979, as amended by section 17 of Act 42 of 2013**

**14.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“ ’n Ooreenkoms waarby ’n leerkontrak of ’n dienskontrak oorgedra word, word binne twee maande na die datum waarop die dienste van die betrokke kandidaat-prokureur by die oordraggewer beëindig is, of binne die verdere tydperk wat die hof om gegronde rede toelaat, by die orde **[van die provinsie waarin]** met jurisdiksie in die gebied waar onder die leerkontrak of die dienskontrak, soos oorgedra, gedien moet word, deur die oordragnemer ingelewer tesame met beëdigde verklarings—”.

**Wysiging van artikel 13B van Wet 53 van 1979, soos ingevoeg deur artikel 8 van Wet 55 van 2003 en vervang deur artikel 6 van Wet 22 van 2005**

**10.** Artikel 13B van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

“ ’n praktiese regspraktykbestuurskursus voltooi wat goedgekeur is deur die raad van die **[provinsie]** orde met jurisdiksie in die gebied waarbinne hy of sy praktiseer.”.

**Wysiging van artikel 14 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 80 van 1985, artikel 13 van Wet 115 van 1993 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**11.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die regter-president van ’n **[provinsiale]** afdeling van die Hooggeregshof kan na oorleg met die president van die betrokke orde twee of meer eksaminatore benoem om eksamens te reël, te beheer en af te neem ten opsigte van—”; en

*(b)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) van die Engelse teks deur die volgende paragraaf te vervang:

“*(a)* the practice and procedure in the **[Supreme]** High Court and in magistrates’ courts established under the Magistrates’ Courts Act, 1944 (Act No. 32 van 1944);”.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 53 van 1979, soos vervang deur artikel 7 van Wet 108 van 1984 en gewysig deur artikel 11 van Wet 87 van 1989, artikel 14 van Wet 115 van 1993, artikel 3 van Wet 33 van 1995, artikel 9 van Wet 78 van 1997 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**12.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1)*(b)*(ivA) die woorde wat op item *(bb)* volg deur die volgende woorde te vervang:

“ ’n opleidingskursus goedgekeur deur die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin hy sy diens onder leerkontrak of dienskontrak voltooi, of, in die geval van artikel 2A*(c)*, ’n opleidingskursus goedgekeur deur die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin die kandidaat-prokureur wil praktiseer, bygewoon en ten genoeë van daardie orde voltooi het: Met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie van toepassing is nie op ’n persoon wat ’n opleidingskursus bedoel in artikels 2(1A)*(a)* of 2A*(a)*(i) bygewoon het en sodanige kursus ten genoeë van die betrokke orde voltooi het; en”.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 52 van Wet 129 van 1993 en artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**13.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Iemand wat by die hof aansoek doen om as prokureur toegelaat of hertoegelaat en ingeskryf te word, moet die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie waarin hy of sy aldus aansoek doen, oortuig—”.

**Wysiging van artikel 19 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**14.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Any person who applies to a court to be—

*(a)* admitted **[or readmitted]** as a practitioner, shall at least one month; or

*(b)* readmitted as a practitioner, shall at least three months,

before the date of his or her application deliver to the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the court to which such application is made, is situated, together with his or her notice of application, a copy of his or her application for admission or readmission and copies of all affidavits, certificates and other documents or papers which are referred to therein or connected therewith.".

**Amendment of section 20 of Act 53 of 1979, as amended by section 17 of Act 42 of 2013**

**15.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any person admitted and enrolled as an attorney, or a notary or conveyancer **[under this Act]** by any court in the Republic or in the former Republics of Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei may in the manner prescribed by subsection (2), apply to the registrar of any court other than the court by which he or she was so admitted and enrolled to have his or her name placed on the roll of attorneys or of notaries or of conveyancers, as the case may be, of the court for which such registrar has been appointed."; and

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraphs *(c)* and *(d)* of the following paragraphs:

"*(c)* a certificate signed by the secretary of **[the]** every society **[of each province]** in which the applicant is so enrolled that no proceedings are pending or contemplated to strike his or her name off the roll or to suspend him or her from practice;

*(d)* proof to the satisfaction of the registrar that a copy of the application and copies of the documents referred to in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* have been served on the secretary of the society **[of the province]** in which such other court is situated; and".

**Amendment of section 23 of Act 53 of 1979, as amended by section 17 of Act 42 of 2013**

**16.** Section 23 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"A **[private]** company may, notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, conduct a practice if—";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* such company is **[incorporated and registered as a private company under the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), with a share capital, and its memorandum of association provides that all present and past directors of the company shall be liable jointly and severally with the company for the debts and liabilities of the company contracted during their period of office]** a personal liability company contemplated in the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);";

*(c)* by the substitution in subsection (1)*(c)* for the words preceding the proviso of the following words:

"the name of the company, other than the expression 'Incorporated' or 'Inc.', consists solely of the name or names of any of the present or past members of the company or of persons who conducted, either **[of]** on their own account or in partnership, any practice which may reasonably be regarded as a predecessor of the practice of the company, unless the

"(1) Iemand wat by 'n hof aansoek doen om as 'n praktisyn—

*(a)* toegelaat **[of hertoegelaat]** te word, moet minstens een maand; of

*(b)* hertoegelaat te word, moet minstens drie maande,

voor die datum van sy aansoek by die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** met jurisdiksie in die gebied waarin die hof waarby so 'n aansoek gedoen word, gestel is, tesame met die kennisgewing van sy aansoek, 'n afskrif van sy aansoek om toelating of hertoelating en afskrifte van alle beëdigde verklarings, sertifikate en ander dokumente of stukke wat daarin vermeld of daarby betrokke is, inlewer.".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**15.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Iemand wat **[kragtens hierdie Wet]** deur enige hof in die Republiek of in die voormalige republieke van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei as prokureur, notaris of transportbesorger toegelaat en ingeskryf is, kan op die in subartikel (2) voorgeskrewe wyse by die griffier van 'n ander hof as dié waardeur hy of sy aldus toegelaat en ingeskryf is, aansoek doen om sy naam op die rol van prokurerurs of van notarisse of van transportbesorgers, na gelang van die geval, van die hof ten opsigte waarvan so 'n griffier aangestel is, te plaas."; en

*(b)* deur in subartikel (2) paragrawe *(c)* en *(d)* deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(c)* 'n sertifikaat onderteken deur die sekretaris van **[die]** elke orde **[van elke provinsie]** waarin die aansoeker aldus ingeskryf is dat geen verrigtinge aanhangig is of beoog word om sy naam van die rol te skrap of hom of haar in sy praktyk te skors nie;

*(d)* bewys tot bevrediging van die griffier dat 'n afskrif van die aansoek en afskrifte van die in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* bedoelde dokumente aan die sekretaris van die orde **[van die provinsie]** waarin daardie ander hof geleë is, beteken is; en".

**Wysiging van artikel 23 van Wet 53 van 1979, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 42 van 2013**

**16.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

" 'n **[Private maatskappy]** Maatskappy kan ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, 'n praktyk voortsit indien—";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die maatskappy **[as 'n private maatskappy, met 'n aandelekapitaal, kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), ingelyf en geregistreer is en sy akte van oprigting bepaal dat al die huidige en voormalige direkteure van die maatskappy gesamentlik met en afsonderlik van die maatskappy aanspreeklik is vir die skulde en verpligtinge van die maatskappy gedurende hul ampstermyne aangegaan]** 'n in die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), beoogde maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid is;";

*(c)* deur in subartikel (1)*(c)* die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"die naam van die maatskappy, buiten die uitdrukking 'Ingelyf' uitsluitlik bestaan uit die naam of name van enige van die huidige of voormalige lede van die maatskappy of van persone wat, hetsy **[vir]** op eie rekening of in vennootskap, 'n praktyk voortgesit het wat redelikerwys as 'n voorganger van die praktyk van die maatskappy beskou kan word, tensy die raad van die prokureursorde met jurisdiksie

council of the law society having jurisdiction has approved any other name in writing in accordance with the rules of such law society'';

*(d)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

''(3) If a shareholder of the company or a person having any interest in the shares of the company, dies or ceases to conform to any requirement of subsection (1)*(b)*, he or she or his or her estate, as the case may be, may, as from the date on which he or she dies or ceases so to conform, continue to hold the relevant shares or interest in the shares in the company for a period of six months or for such longer period as the council of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the company's registered office is situate, may approve.'';

*(e)* by the deletion of subsections (5) and (6);

*(f)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

''(7) Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, the **[articles of association]** memorandum of incorporation of the company may provide that a **[member]** shareholder of the company may not appoint a person who is not a **[member]** shareholder of the company, to attend, speak or vote in his or her stead at any meeting of the company.''; and

*(g)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

''(9) Any reference in this Act or in any other law to a practitioner or to a partner or partnership in relation to practitioners, shall be deemed to include a reference to a company under this section or to a **[member]** shareholder of such a company, as the case may be, unless the context otherwise indicates.''.

**Substitution of section 24 of Act 53 of 1979**

**17.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

''**Applications in terms of this Chapter to be delivered to secretary of society concerned**

**24.** Subject to provisions to the contrary in this Chapter contained, any person who makes an application to a court in terms of this Chapter, shall, at least one month before the date of his or her application, deliver to the secretary of the society **[of the province]** having jurisdiction in the area in which the court to which such application is made is situated, a copy of the application, together with copies of the other documents and papers referred to therein or connected therewith.''.

**Amendment of section 43 of Act 53 of 1979, as substituted by section 15 of Act 55 of 2002**

